

VERSLAG OF HERINNERINGS VAN MAGERSFONTEIN GEVEG. 11 DEC 1899.

Die skrywer was gekommandeer as 'n burger van die Vrystaat, en van my dienste was gebruik gemaak as telegrafis. Na Kimberley beleg was, was ek beveel om 'n telegrafiese instrument van een van die spoorwegstasies te perd te gaan haal, en in 'n ou huis op Scholtznek, 'n telegraafkantoor te ope in verbinding met die gewese lyn tussen Jacobsdal en Kimberley. Ek was daeliks in verbinding met die verskillende kommandoes, en dikwels was ek oor geplaas na die kantoor op Jacobsdal. Ek het ook 'n assistent gehad, en was dus in staat om die kommandoes te besoek en dringende telegramme self te versorg.

Die 27ste November was ek weer behulpsaam in die kantoor op Jacobsdal. Die nag van 27ste het Generaal Cronje se kommando deur Jacobsdal getrek na Modderrivier stasie, waar die volgende dag die slag van Modderrivier plaas gevind het. Die slag veld was verloor omdat een kommandantskap hulle posiesie, drie myl wes van die spoorlyn, op gegee het, en sodoende die vyand die kans gegee het om die burgers te omsingel, en net die dappere stand van Majoor Albrecht met die Vrystaat se kanonne, het verhoed dat die meeste Burgers nie gevange geneem was nie. Die Britse soldate was so naby die kanonne van Majoor Albrecht dat hulle nie kon gebruik maak van hulle kanonne sonder om hulle eie manne te skiet nie. Die Burgers van Gen de la Rey wat oos van die spoorlyn langs die pad was, was vas gekeer deur 'n seekoeigat agter hulle, en kon nie anders dan terug na die drif by die spoorweg brug, om deur te kom. Majoor Albrecht het toe die vyand teruggehou om die Burgers die kans te gee om gebruik te maak van die drif.

Die nag van die 28ste Nov., het die Burgers langs die spoor en oos van die spoor, op getrek in die rigting van Spuitfontein en Magersfontein. Generaal Cronje het posiesie ingeneem in die Rande naby Spuitfontein, en daar begin loopgrawe maak. Generaal de la Rey het hom gevestig aan die punt van die Magersfontein rande, wat oos van die spoorlyn le, en 'n kiel maak en dan noord oos loop na Scholtznek. Gen. Cronje was deur Gen. De La Rey beveel om sy posiesie te verlaat en op te trek na Spuitfontein. Gen. Cronje was opper bevelhebber, maar Gen de La Rey weier om sy posiesie te verlaat en tot die 10de Desember was Krygsraad drie maal opgeroep om Gen. De la Rey te verplig om sy posiesie op te gee en op te trek na Spuitfontein. By die derde Krygsraad sitting het die Brawe bedaarde krygsman Gen. De la Rey die oorwinning behaal om sy Posiesie by die punt van die Magersfontein rande te behou en Sondag die 10de Des. is die vegterrein op geneem waar die geveg plaas gevind het.

In die nag van die 10de het Gen. Cronje in die kiel agter die suidooste punt van die rande deurgebring. Maandag more toe dit begin lig word kom Gen. Cronje met sy lyfwag uit die kiel deur 'n poort in die rande wat noord oos loop, en ry hom vas in die Britse verkenners wat toe omtrent 1000 tree agter die Burgers in die loop graaf by die punt van die berg was. Daar was 'n kaal opening tussen die Burgers by die punt van die berg en die Schandinawiers, waar die Britse verkenners deur gekom het. Skote van Cronje se lyfwag het dadelik geval op die verkenners en ook van die loopgraaf van die burgers op die "Black Watch" regiment van die vyand wat reg voor die loop graaf was. Die slagting het met die eerste sarsie gebeur want die volgende dag toe ek oor die slagveld gaan, le die lyke nog in 'n ry. Die Britse kanonne wat nie ver weg was nie, begin toe die punt van die kop te bombardeer, en omdat die Burgers by die vorige gevegte altyd op die koppe was, was die geweldige kannon vuur op die punt van die kop gerig.

Die Schandinawiers, onverskrokke, storm toe vorentoe in die masse vyandelike troepe en was dadelik op 'n paar na afgemaai. Ek was die more weer op Scholtznek en is dadelik voort om die geveg te sien en om ek as telegrafis goed bekend was, kon ek vry tussen die Burgers deur kom. Ek was in staat om by Gen. Cronje op die kop te kom waar ons toe die gehele vegterrein kon gadeslaan. Die vegterrein was aan die suidooste punt van die Magersfontein rande vandaar in die selfde rigting, eers oor oop vlaktes waar die Schandinawiers was, dan plat randjies, bult en vaalbos vir omtrent 2 ½ myl, vandaar in 'n suidweste rigting na die Modder rivier. Toe ek by Gen. Cronje kom (my jonste broertjie was by my) was die vyand besig om deur die Burgers te kom, waar die Schandinawiers was. Gen. Cronje beveel toe 500 of 600 Burgers om van die noordelike rande na die huis van Magersfontein te gaan en van daar onder die bult van die pan om agter 'n dam wal by mekaar te kom. Dit was gedaan en van agter die dam wal het die Burgers die vyand gestorm vir omtrent 2500 tree ver oor vlaktes. Soos 'n toneel was dit voor my afgespeel. Met 'n goeie verkyker het ek die geveg aanskou.

Die vyandelike kanonne het voortdurend die punt van die kop gebombardeer tot 12 uur. Van 12 – 1 uur het die voetvolk probeer om die loopgraaf [in te neem]

In die stormjaag tot tussen die vyand het byna die helfte van die Burgers geval, maar orige het posisie ingeneem en die vyand terug geslaan. Dit het toe Majoor Albrecht wat al reeds van sy kanonne weg geskiet was, en op die suid wese van die terrein, weer in staat gestel om in besit te kom van sy kanonne. Die vyandelike kanonne het voortdurend die punt van die kop gebombardeer tot 12 uur. Van 12 tot 1 uur het die voetvolk probeer om die loopgraaf by die punt van die berg te bestorm. Maxims en kanonne het die loopgrawe verskriklik aangeval, wat natuurlik moes stop wanneer die voetvolk op spring om te storm. Die Burgers se geweer vuur was so geweldig dat om een uur die beul geblaas het vir die vyand om terug te val. Toe kon die Britse troepe gesien word oral een, een tussen die bosse opspring en terug hardloop. Na een uur was dit 'n wilde kanonne vuur oor en agter die terrein tot die aand. Die volgende oggend vroeg was ek weer oor die vegterrein en by een lang graf teen die vaalbos bult waar die meeste burgers begrawe was. Van die graf het ek gegaan na die punt van die berg waar die lyke van die "black watch" nog gelê het. Daar het ek ook vir Hertzog in geselskap met sy vriend Bissett ontmoet en is saam met hulle na die graf waar die Skandinawiers besig was om hulle gesneuweldes te begrawe.

Iets eenaardigs het die Sondag voor die geveg gebeur, toe 5 lydlite bomme in 'n deursnit van omtrent 50 tree om die brave held van die Vrystaat Gen. Piet Fourie se tent geval het. Hy het doodbedaar in sy tent bly sit.

Ek het die voorreg destyds gehad om President Kruger dikwils tussen 3 en 4 uur in die more van Pretoria te hoor gesels met sy generaals by Kimberley en Colesberg. Wat ook miskien nie bekend is nie, is dat Gen. De la Rey ernstig geskok was deur 'n bom in die geveg by Modderivier. Met groot verduring van pyn het hy na die genoemde geveg vertoef by Magersfontein tot sy verlangde terrein opgeneem was. Sy seun het langs hom in die geveg geval.

Daar ek die enigste in lewe is van die 2 wat op die kop saam met Cronje was en die geveg aan skou het, en daar, daar al so baie verskillende rapporte oor die geveg is hoop ek U sal die herinnerings publiseer.

Was geteken: H L DU TOIT
[In sy eie handskrif]

Hierdie verslag is beskikbaar gestel deur die outeur se seun HW (Sydie) du Toit. Mnr du Toit het slegs enkele punktuasiewysigings aan die verslag aangebring ten einde leesbaarheid te verbeter, origens is die verslag onveranderd. Die verslag mag slegs met die skriftelike toestemming van genoemde HW du Toit hergebruik word.